

Reëls en Inligting

Spanne

- Spanne bestaan uit 4 hooflede wat verantwoordelik is vir die maak en voorsit van die pot.
- Daar kan 6 addisionele lede in span wees wat die groot getal van 10 per span opmaak.
- 4 Hooflede betaal geen toegang by hek nie. (Dit word gedek deur die inskrywingsgeld van R250 per span/stalletjie) Die 6 addisionele lede betaal slegs R20 toegangsfooie by die hek. Enige ander mense wat by span wil aansluit betaal volle ingangskostes.
- Sorg dat die inskrywingsvorm volledig voltooi is.
- Maak seker dat jou **SPAN NAAM** bo-aan jou inskrywingsvorm ingevul is, Bv. “Die 4 Kranige Kokke”

Stalletjies

- Elke span kry n stalletjie/perseel (5m by 5m) wat hul kan gebruik om hul eie te maak.
- Perseel sal gemerk wees met n nommer (bv. 5)
- Perseelnommers sal toegeken word in die volgorde van inskrywings ontvang. Dit sal op jou inskrywings blad verskyn.
- Die aand van die kompetisie - gaan asb. na jou aangewysde perseel toe. Moenie iemand anders sin vat nie.
- Die **TEMA** van jou stalletjie en hoe jy jou spasie versier en mooi maak hang van jou eie kreatiwiteit af, maar sal beslis in jou guns tel as dit by die beoordeling van “Beste stalletjie” kom
- Daar sal n Eerste, Tweede en Derde prys wees vir die beste en mooiste stalletjie.
- Alles wat jy benodig en wil gebruik op hierdie perseel moet jy self voorsien, ons gee net die “spasie”
- Aan die einde van die aand – laat asb. jou perseel skoon & netjies agter.

Potte

- Jy maak die pot van jou keuse. Dit kan enige pot wees, van hoender tot haas. Daar moet ook een bykos en een slaai wees.
- Op die ou end van die dag gaan dit oor die voorbereiding en die smaak van die pot. Hoe meer visueel aantreklik en hoe smaakliker die pot, hoe beter jou kans om gekroon te word as **Potjiekos Kampioen**.
- Hoe varser jou produkte, hoe beter.
- Jou potjie moet voorberei word op n vuur of kole - kom ons hou dit oorspronklik.
- Jy kan jou bestanddele vooraf voorberei, maar die pot moet by jou stalletjie gekook en afgerond word.
- Jou pot en bykomstighede moet op n spyskaart wees vir beoordeelaars by jou stalletjie en moet ook finale produk vergesel na beoordeelaars toe.
- Daar sal n Eerste, Tweede en Derde plek wees vir beste pot.
- Wenner het natuurlik “Bracing Rights”
- Huidige Kampioene is: Bushmanskloof!

Reëls en Inligting

Beoordeling

- Beoordelaars sal deur die loop van die aand deur die stalletjies beweeg om jou pot se voorkoms, aroma en net algehele samestelling te bekyk en te ervaar.
- Beoordeling van gees sal ook deur die loop van die aand gedoen word, wat in jou guns sal tel is hoe jy n beoordelaar ontvang by jou stalletjie, hoe jou span se algehele gees is en is daar n TEMA.
- Beoordelaars sal ook deur die loop van die aand kyk hoe goed jou stalletjie opgetooi is en wat jou tema is en daar volgens sal die beste stalletjies gekies word.
- Potte sal stiptelik vanaf 21:00 beoordeel word. Daar sal n beampte deur die aand rond beweeg en luister wie se potte gaan eerste reg wees en daarvolgens sal hul begin beoordeel (Daar is altyd n paar mense wie daai ekstra bietjie tyd nodig het)
- Opskep van die pot moet jy self doen en jy voorsien ook alle eetgerei aan die beoordeelaars.
- Opgeskepte bord kos moet asb op n stewige, draagbare skinkbord wees met alle eetgerei, reg vir beoordeling.
- Beoordelaars se beslissing is finaal en moet asb. respekteer word.

Algemeen

- Elke stalletjie is verantwoordelik vir hul eie gedrag en veiligheid.
- Los asb jou perseel skoon en opgeruim.
- Maak asb. alle vure en kole dood en moet dit nie op perseel uitgooi nie.
- Elke span is verantwoordelik vir hulle eie braaidrom, hout, stoele, tafels ens.
- Kom geniet die aand, bou lekker gees maar doen dit op n verantwoordelike en veilige manier.

Sien uit om julle daar te sien.

Groete

Willem Pool